Uitstaande kenmerke
van gemeentes met 'n
kultuur van rentmeesterskap

***Monty Sahd** is 'n lid van die dagbestuur van die sinodale fondsekommissie in die Wes- en Suid-Kaap en predikant by die NG gemeente Stellenbosch-Welgelegen.*

Patrick McNamara, emeritus-professor in sosiologie van die Universiteit van New Mexico, het in 1996/97 (met verdere terugvoer in 1998/99) in die VSA besoek gaan aflê by elf hoofstroomgemeentes wat veral bekendheid as "rentmeesterskap-gemeentes" verwerf het. Hy het 'n stel vrae opgestel om vas te stel hoe die bepaalde rentmeesterskapbenadering binne die betrokke gemeente beslag gekry het en hoe dit binne die verskillende aspekte van die gemeentelike lewe funksioneer. Onderhoude met die predikante, kommissies en gemeentelede het gevolg. Daar is gekyk na die verskillende bedieninge van die gemeente en die predikant se preke oor rentmeesterskap is ook nagegaan.

Die volgende kenmerke (gekontekstualiseer binne elke gemeente se situasie) het onder andere voortgespruit uit die verhale van stryd, hoop en by tye oorbluffende getrouheid:

1. 'n Teologie van rentmeesterskap.

Die gemeentes het hard daaraan gewerk dat rentmeesterskap anders gedefinieer word as bloot fondsinsameling of humanitêre liefdadigheid. Dit is ook nie ingeklee as 'n "terugbetaal-teologie" binne 'n gemeenskap wat gemaklik is met handeldryf waar gee en neem aan die orde van die dag is nie. Die teologie van rentmeesterskap funksioneer ook nie bloot as motiveringsretoriek ter ondersteuning van fondsinsameling binne kerklike konteks nie. Dit funksioneer eerder as 'n omvattende en inspirerende paradigma wat beide die predikant en gemeente lei en begelei in die strewe na getroue kerkwees. Binne die gemeentes heers daar 'n diepe bewustheid dat die evangelie waardes voorhou wat bots met dié van die heersende kultuur, veral as dit kom by die opvatting dat geld, welvaart, tyd, talente hoofsaaklik persoonlike besittings is wat vir persoonlike genot gebruik moet word. Die heersende verbruikersmentaliteit word bevraagteken. God se eienaarskap oor alles en almal word erken; Christus se verlossing en ons dankbaarheid daarvoor word bely; die heiligmakende werking van die Gees word prakties op alle lewensterreine sigbaar gemaak.

2. Die belangrikheid van pastorale leierskap.

Die opvallende van die styl van leierskap wat in die verskillende gemeentes gevolg is, was dat daar eerder 'n dialogiese model van vennootskap as 'n model van "*parenting*" wat tot afhanklikheid lei, gevolg is. Die gemeentes het verwag dat hulle predikant sensitief sou wees vir die behoeftes van die lidmate met die oog op heling, sin en 'n belewenis van God Tegelykertyd is daar van die pastorale leierskap verwag om die lidmate toe te rus en te bemagtig om die afhanklikheidsindroom te verbreek met die oog op die aanvaarding van eienaarskap en die skep en uitleef van 'n kultuur van rentmeesterskap.

3. 'n Werklike belewenis van die genade van God.

Binne die verskillende gemeentes is daar nie van lidmate verwag om dankbaarheid te toon indien hulle nie werklik genade beleef het nie. Genade word nie bloot as 'n intellektuele realiteit beskryf nie, maar as 'n beleweniswerklikheid wat tot getroue rentmeesterskap lei. Gevolglik vloei rentmeesterskap onder andere voort uit 'n belewenis van ware en lewendige aanbidding, 'n ontmoeting met God in sy Woord, die ervaring van vergifnis ens. Slegs 'n passie vir Christus en sy evangelie lei tot 'n passie van offervaardigheid in terme van gawes, geld, geleenthede en grond. Douglas Meeks stel dit in die voorwoord van die boek so treffend: "These congregations do not look for one-time contributions of money but rather for habits, dispositions, and virtues that express generous discipleship. Stewardship is the shape of discipleship that forms the household of Jesus Christ, a home for the homeless and a home for the generation of the generations" (p ix).

4. Verbintenis tot diens.

Lidmate word aangemoedig om daadwerklik betrokke te wees by bedieninge van barmhartigheid en geregtigheid binne die gemeente en gemeenskap. Lidmate wat op so 'n wyse hulle dissipelskap van Christus uitleef word rentmeesters wat die betrokke bediening self in stand hou.

5. Die moed om ander tot offervaardigheid op te roep.

Vanuit die onderlinge sorg vir en toesig oor mekaar binne die onderskeie gemeentes, roep lidmate mekaar op tot blymoedige en verantwoordelike offervaardigheid ten opsigte van tyd, geld en talente met die oog op die uitbreiding van God se koninkryk.

6. Bedieninge en programme.

Die rentmeesterskap-benadering poog om 'n bepaalde sinergie daar te stel waar daar voortdurend gekyk word na nuwe maniere om gemeentelede en hulle gesinne meer effektief te bedien sowel as om na buitestaanders uit te reik.

7. Verwelkoming van nuwe intrekkers en implikasies van lidmaatskap.

Naas 'n hartlike verwelkoming van beide navrae rondom lidmaatskap en nuwe intrekkers, is die gemeentes nie verleë om duidelik uit te spel wat die implikasies van lidmaatskap behels in terme van betrokkenheid en verbintenis.

8. Duidelike praat oor God en geld.

In die gemeentes waar daar 'n merkbare verbetering in offervaardigheid was, is daar op 'n duidelike en ondubbelssinnige wyse oor lidmate se verhouding met God en geld gepreek en gepraat. Gesprekke en prediking oor geld is nie beperk tot die begrotingstyd nie, maar het voortgevloei uit 'n nadenke oor die implikasies van dissipelskap en Christenskap.

9. Nie 'n finansiële kommissie nie!

Die opvallende van die gemeentes is dat die rentmeesterskap kommissie nie as 'n finansiële kommissie gesien is nie. Die taak van die rentmeesterskap kommissie is beskryf in terme van die kweek van 'n rentmeesterskap- bewustheid binne die gemeente en die ondersteuning van die leraar rondom die visionerende aspekte van rentmeesterskap. Daar mag bepaalde spanninge binne die gemeente tussen die rentmeesterskap kommissie en die finansiële kommissie ontstaan, maar die spanning moet opbouend en positief gehanteer word.

(Inligting in hierdie artikel kom uit die boek *More Than Money: Portraits of Transformative Stewardship* deur Patrick McNamara. Dit is in 1999 deur die Alban Institute uitgegee.)